Master no. 2127
Dobus no 2130

| Veld | | Kolom |
|---|---|---|
| Veld 2 Segmentnommer .................................... | | 39-40 |
| Segmentsamestelling: Oudiovisueel = 1 Net verbaal = 2 ................ | | 41 |
| Onderwerp van segment: Swartmense = 1 Kleurlinge = 2 Indiërs = 3 Boesmans = 4 Ander = 5 | | 42 |
| Karakter/Persoon .......................................... | | 43-44 |
| Geslag: Manlik = 1 Vroulik = 2 Onbepaald = 3 ...................... | | 45 |
| Beroep: ................................................. | | 46-47 |
| Wyse van voorkoms: pratend = 1 pratend-onhoorbaar = 2 nie-pratend = 3 foto of illustrasie = 4 | | 48 |
| Duur van voorkoms van gedifferensieerde persoon/karakter Min .......... | | 49-50 |
| Sek .......... | | 51-52 |
| Duur van voorkoms van ongedifferensieerde Swartmense Sek .......... | | 53-55 |
| onbeskof 1 2 3 4 5 hoflik | | 56 |
| primitief 1 2 3 4 5 beskaaf | | 57 |
| vyandig 1 2 3 4 5 vriendelik | | 58 |
| lui 1 2 3 4 5 hardwerkend | | 59 |
| Veld 3 Segmentnommer .................................... | | 60-61 |
| Segmentsamestelling: Oudiovisueel = 1 Net verbaal = 2 ................ | | 62 |
| Onderwerp van segment: Swartmense = 1 Kleurlinge = 2 Indiërs = 3 Boesmans = 4 Ander = 5 | | 63 |
| Karakter/Persoon .......................................... | | 64-65 |
| Geslag: Manlik = 1 Vroulik = 2 Onbepaald = 3 ...................... | | 66 |
| Beroep: ................................................. | | 67-68 |
| Wyse van voorkoms: pratend = 1 pratend-onhoorbaar = 2 nie-pratend = 3 foto of illustrasie = 4 ........... | | 69 |
| Duur van voorkoms van gedifferensieerde persoon/karakter Min .......... | | 70-71 |
| Sek .......... | | 72-73 |
| Duur van voorkoms van ongedifferensieerde Swartmense Sek .......... | | 74-76 |
| onbeskof 1 2 3 4 5 hoflik | | 77 |
| primitief 1 2 3 4 5 beskaaf | | 78 |
| vyandig 1 2 3 4 5 vriendelik | | 79 |
| lui 1 2 3 4 5 hardwerkend | | 80 |



052014/4

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

183191349F

# BEVOLKINGSGROEPE IN DIE SAUK SE TELEVISIEPROGRAMME: 1976 TOT 1977

Hendrina van Rooyen M.A.

SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR KOMMUNIKASIENAVORSING
Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

PRETORIA
1980

NAVORSINGSBEVINDING NR. **KOMM-N-42**

*Kopiereg voorbehou*
*Prys: R2,95*
*(AVB ingesluit)*

Klasnr./Class No. | Registernr./No.
001.3072068 HSRC KOMM N 24 | 52014/4
RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
BIBLIOTEEK
LIBRARY
HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

ISBN 0 86965 776 3

BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1981 -11-23
STANDKODE 001.3072 68 HSRC Komm N 42
REGISTERNOMMER 052014 4
BESTELNOMMER 9

BYLAE B

DATAVEL

| | | | |
|---|---|---|---|
| Projek | : Komm 9/3:2 | K9 3 2 | 1-4 |
| Rekordnommer | : | | 5-8 |
| Jaar | : 1976=1 1977=2 1978=3 | | 9 |
| Maand | : Feb=1 Mei=2 Aug=3 Nov=4 | | 10 |
| Dag | : Ma=1 Di=2 Wo=3 Do=4 Vry=5 Sa=6 So=7 | | 11 |
| Taal | : Afr=1 Eng=2 | | 12 |
| Programsoort | : | | 13-14 |
| Programduur | : | | 15-17 |

Veld 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| Segmentnommer | ........ | | 18-19 |
| Segmentsamestelling: | Oudiovisueel =1 Net verbaal = 2 ........ | | 20 |
| Onderwerp van segment: | Swartmense = 1 Kleurlinge = 2 Indiërs = 3 Boesmans = 4 Ander = 5 | | 21 |
| Karakter/Persoon | ........ | | 22-23 |
| Geslag: | Manlik = 1 Vroulik = 2 Onbepaald = 3 ........ | | 24 |
| Beroep: | ........ | | 25-26 |
| Wyse van voorkoms: | pratend = 1 pratend-onhoorbaar = 2 nie-pratend = 3 foto of illustrasie = 4 ........ | | 27 |
| Duur van voorkoms van gedifferensieerde persone/karakter | Min ........ | | 28-29 |
| | Sek ........ | | 30-31 |
| Duur van voorkoms van ongedifferensieerde Swartmense | Sek ........ | | 32-34 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| onbeskof | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | hoflik | | 35 |
| primitief | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | beskaaf | | 36 |
| vyandig | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | vriendelik | | 37 |
| lui | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | hardwerkend | | 38 |

RGN·HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1988 -12- 13 | | | |

15. *Speelfilm*

Meer as 50 persent van die programinhoud word deur 'n speelfilm in beslag geneem. Die speelfilm word van die drama onderskei in die sin dat dit uit 'n ander medium oorgeneem is vir televisie en vroeër alreeds in rol=prentteaters vertoon is.

16. *Kunsprogramme*

Meer as 50 persent van die programinhoud het betrekking op kuns. Alle vorms van kuns word hierby betrek, behalwe dié waarvoor daar afsonderlike voor=siening gemaak word, byvoorbeeld musiek en dans.

17. *Opera en operette*

Dit is 'n dramatiese voorstelling met alles wat daarmee gepaard gaan, byvoor=beeld kostuums, dekor en rekwisiete, en waar musiek 'n baie prominente rol speel.

18. *Danse*

Alle danse word hierby ingesluit en dit vul meer as 50 persent van die programtyd.

19. *Weervoorspelling*



# INHOUD

BLADSY

SUMMARY/OPSOMMING ............................................. iii

HOOFSTUK

| | | |
|---|---|---|
| 1 | DOEL EN METODE ........................................ | 1 |
| 2 | NAVORSINGSRESULTATE ................................... | 16 |
| 3 | SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING .......................... | 33 |

000021303
2844363866
001.3072068 HSRC KOMM N 42
*002130*

## TABELLE

| NOMMER | | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.1 | DUUR VAN VOORKOMS VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGS=GROEPE IN PLAASLIK VERVAARDIGDE PROGRAMME VAN 1976 (TOTALE STEEKPROEFDUUR 8 860 MIN.) EN 1977 (TOTALE STEEKPROEFDUUR 8 847 MIN.) | 18 |
| 2.2 | FREKWENSIE VAN VOORKOMS VAN DIE VERSKILLENDE BE=VOLKINGSGROEPE IN VERSKILLENDE PROGRAMSOORTE | 19 |
| 2.3 | GESLAG VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE | 21 |
| 2.4 | BEROEPSROLLE VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE | 23 |
| 2.5 | EVALUERING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE TEN OPSIGTE VAN DIE EIENSKAP "ONBESKOF-HOFLIK" | 25 |
| 2.6 | EVALUERING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE TEN OPSIGTE VAN DIE EIEN=SKAP "PRIMITIEF-BESKAAF" | 26 |
| 2.7 | EVALUERING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE TEN OPSIGTE VAN DIE EIENSKAP "VYANDIG-VRIENDELIK" | 27 |
| 2.8 | EVALUERING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE TEN OPSIGTE VAN DIE EIENSKAP "LUI-HARDWERKEND" | 28 |
| 2.9 | WYSE VAN VOORKOMS VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGS=GROEPE IN NUUSPROGRAMME | 31 |
| 2.10 | FREKWENSIE VAN NUUSSEGMENTE | 32 |



7. *Dokumentêre programme*

'n Feitelike voorstelling van een of ander onderwerp om meer inligting aan die kyker te verskaf, en meer as 50 persent van die programtyd vul.

8. *Sportprogramme*

Dit is programme waar dit vir meer as 50 persent van die inhoud om sport gaan. Dit sluit in sportuitsendings, -verslae, -joernaal.

9. *Nuus*

Al die beskikbare tyd word in beslag geneem deur aktuele berriggewing en interpretasie van nuusgebeure. Nuuskommentaar word ingesluit.

10. *Bespreking en/of gesprekprogramme*

Die programme bestaan uit 'n gesprek tussen twee of meer persone en meer as 50 persent van die programinhoud moet daardeur in beslag geneem word.

11. *Voorskou*

Meer as 50 persent van die tyd word gevul deur 'n diens wat aan die kykers verskaf word, byvoorbeeld programaankondigings en -voorskou.

12. *Voorlesing en/of vertelling*

'n Voorlesing of vertelling is dikwels van fiktiewe aard en nie noodwendig spesiaal vir televisie geskryf nie, en vul meer as 50 persent van die programtyd.

13. *Animasie*

Dit is programme waar enige nie-lewende ding lewend voorgestel word, byvoorbeeld marionette, praatpoppe, handpoppe en tekenprente.

14. *Drama*

Meer as 50 persent van die programinhoud word deur 'n drama in beslag geneem.

## OMSKRYWING VAN PROGRAMSOORTE

1. *Musiekprogramme*

Dit is alle musiekprogramme waar die uitvoerende kunstenaars uitgebeeld word maar sonder dat die dramatiese element en alles wat daarmee saam= gaan, teenwoordig is, soos byvoorbeeld kostuums, dekor, rekwisiete by operas, operettes en balletuitvoerings.

2. *Joernaal- of tydskrifprogramme*

Dit is programme van gemengde inhoud, soos by 'n tydskrif, waarvan nie een onderwerp meer as 50 persent van die tyd oorskry nie.

3. *Gewyde programme*

Dit sluit alle programme in waar 'n gewyde strekking meer as 50 persent van die tyd vul.

4. *Ligte vermaak*

Komiese, amusante, humoristiese, ligte programmateriaal wat daarop gemik is om die kyker te vermaak, beslaan meer as 50 persent van die programtyd. Die programme het gewoonlik 'n gemengde inhoud waarin danse, toertjies, musiek, grappe, sketse ensovoorts in kombinasie of afwisselend aangebied word. Komiese sketse word hierby ingesluit, maar komedies (met die tipiese bou van 'n drama) word uitgesluit.

5. *Vermaaklike wedstrydprogramme*

Meer as 50 persent van die programtyd word gevul deur komiese, amusante, humoristiese programmateriaal, maar die wedstrydelement moet deurentyd teenwoordig wees.

6. *Ernstige wedstrydprogramme*

Dit is programme waar die wedstrydelement meer as 50 persent van die programinhoud uitmaak, maar vermaaklike wedstrydprogramme word uitgesluit.



## OPSOMMING

Die doel met hierdie navorsing was om deur middel van inhoudsana= lise die voorkoms van die verskillende bevolkingsgroepe in plaaslik ver= vaardigde programme in 'n steekproef televisieprogramme van die RSA se tele= visiediens van 1977 te ondersoek. Gegewens van soortgelyke ontledings wat gedoen is op 'n steekproef televisieprogramme wat in 1976 uitgesaai is, ver= skyn ook in hierdie navorsingsbevinding sodat enkele belangrike verskille tussen die televisieprogramme van die twee jaar aangedui kan word.

Die resultate van die analise dui daarop dat daar in die geheel (alle bevolkingsgroepe saam) 2 868 persone/karakters in die 1976-steekproef van televisie-uitsendings en 3 153 persone/karakters in die 1977-programme voorgekom het. Blankes het telkens die grootste persentasie van hierdie twee televisiebevolkings uitgemaak. Die frekwensie van albei jare toon verder dat daar by byna alle bevolkingsgroepe 'n oorwig mans voorgekom het en dat die meeste persone/karakters wat volgens hulle beroepsrolle gekate= goriseer kon word, in die kategorie "Atleet, sportman, afrigter en beampte" geplaas is. In beide steekproewe is die bevolkingsgroepe in die geheel positief ten opsigte van die vier eienskappe onbeskof-hoflik, primitief-beskaaf, vyandig-vriendelik en lui-hardwerkend geëvalueer. In die 1977-programme was die bevolkingsgroepe se voorkoms soos afgelei uit die rela= tiewe aantal persone/karakters in kategorieë 4 en 5 egter hofliker, vrien= deliker en meer hardwerkend as in die uitsendings van 1976.

Die programsoort wat in beide jare die hoogste frekwensie persone/ karakters bevat het, was nuusprogramme. Uit die resultate is afgelei dat daar in die nuusprogramme van 1977 minder van foto's en illustrasies en meer van die lewende beeld gebruik gemaak is as in dié van 1976. Dit het derhalwe 'n toename in oudiovisuele nuussegmente (in teenstelling met slegs verbale nuussegmente) oor die twee jaar meegebring.

# BRONNELYS


BUDD, R.W., et al. Content analysis of communications. New York, Macmillan Company, 1967.

DUIJKER, H.C. and FRIJDA, N.H. National character and national stereotypes: a trend report prepared for the International Union of Scientific Psychology Amsterdam, North Holland, 1960.

DONOGHER, P.C., et al. Race, sex and social example: An analysis of character portrayals on inter-racial television entertainment. Psychological Reports 1975, 1023-1034.

DOUGLAS, P. Television today. Southampton: Camelot Press Ltd., 1975.

ELEEY, M.F. Variations in generalizability resulting from sampling characteristics of content analysis data. A case study. Philadelphia, The Annenburg School of Communications, University of Pennsylvania, 1976.

GERBNER, G., et al. Violence Profile Report No 7. Philadelphia, The Annenburg School of Communications, University of Pennsylvania, 1976.

GREENBERG, B.S. Children's reactions to Blacks, Journalism Quarterly, Spring 1972, 5-14.

GUILFORD, J.P. Fundamental statistics in psychology and education. New York, McGraw-Hill Book Company, 1965, 185-189.

HARDING, J., et al. Prejudice and ethnic relations. In: LINDZEY, G. and ARONSON, E. eds. The handbook of social psychology (2nd ed.) Vol. V, Reading, Mass., Addison-Wesley, 1969.

HARTMANN, P., et al. Race as news: a study in the handling of race in the British national press from 1963 to 1970. Paris, the Unesco Press, 1974.

KERNER, O. Report of the national advisory commission on civil disorders. New York, Bantam Books, 1968.

KRIPPENDORFF, K. Bivariate agreement coefficients for reliability of data. In: BORGOTTA, E.F. and BOHRNSTEDT, S.W. eds. Sociological methodology. San Francisco, Jossey Buss Inc. 1970.

EMMERT, P. and BROOKS, W.D. Methods of research in communication. Boston Houghton Mifflin Company, 1970.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA. Departement van Statistiek. Bevolkingsensus 1970 Beroepe. Pretoria, Staatsdrukker, 1976 (Verslag, nr. 02-02-11).

SELIGMAN, C.G. Races of Africa. (4th ed.) London, Oxford University Press, 1967.

SUID-AFRIKA (Republiek). Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Aangeleent=hede betreffende Televisie. Pretoria, Staatsdrukker.

TRIANDIS, H.C. and VASSILIOU, V. Frequency of contact and stereotyping. Journal of Personality and Social Psychology 7, 1967, 316-328.

In die 1977-programme was die bevolkingsgroepe se voorkoms soos afgelei uit die relatiewe aantal persone/karakters in kategorieë 4 en 5 egter relatief hofliker, vriendeliker en meer hardwerkend as in die uitsendings van 1976.

Die programsoort wat in beide jare die hoogste frekwensie persone/karakters bevat het, was nuusprogramme. Uit die resultate is afgelei dat daar in die nuusprogramme van 1977 minder van foto's en illustrasies en meer van die lewende beeld gebruik gemaak is as in dié van 1976. Dit het derhalwe 'n toename in oudiovisuele (in teenstelling met uitsluitlik verbale) nuussegmente oor die twee jaar meegebring.



HOOFSTUK 1

DOEL EN METODE

## 1.1 INLEIDING

Hierdie navorsingsbevinding is die derde wat uitgebring word in 'n projek waarin die voorkoms van verskillende bevolkingsgroepe van die RSA in die SAUK se televisie-uitsendings jaarliks deur middel van inhouds=ontleding ondersoek word. Die projek is een van 'n aantal omvattende on=dersoeke in verband met die instelling van televisie in die RSA wat op aanbeveling van die Kommissie van Ondersoek insake Aangeleenthede betref=fende Televisie deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing onderneem word.

## 1.2 DOEL MET HIERDIE NAVORSING

Die doel met hierdie navorsing is om deur middel van inhoudsana=lise die voorkoms van verskillende bevolkingsgroepe in die RSA, naamlik Swart mense, Blankes, Kleurlinge/Basters, Indiërs en Boesmans, in 'n steek=proef televisieprogramme wat in 1977 deur die SAUK uitgesaai is, te onder=soek. Ten opsigte van die persone/karakters van elke groep is die fre=kwensie en die duur van die voorkoms, sowel as hulle geslag, beroepsrolle, en die wyse van voorkoms ten opsigte van vier bipolêre eienskappe, naam=lik onbeskof-hoflik, primitief-beskaaf, vyandig-vriendelik en lui-hard=werkend, nagegaan. Verder is ook in nuusprogramme daarop gelet of die betrokke persone pratend, nie-pratend, pratend-onhoorbaar of op 'n statiese foto voorgekom het.

Gegewens van soortgelyke ontledings wat gedoen is op 'n steek=proef televisieprogramme wat in 1976 uitgesaai is (kyk Van Rooyen, 1977 en 1978) verskyn ook in hierdie navorsingsbevinding sodat enkele belangrike verskille tussen die televisieprogramme van 1976 en 1977 aangedui kan word.*

* In teenstelling met die 1976-steekproef waarby alle programsoorte inge=sluit is, hèt die onderhawige ontleding slegs op plaaslik vervaardigde programme betrekking, en derhalwe is die 1976-gegewens wat in hierdie publikasie opgeneem is dienooreenkomstig aangepas.

## 1.3 METODE

### 1.3.1 *Algemeen*

Aangesien dit prakties onuitvoerbaar is om 'n ontleding te maak van alle programme wat gedurende 'n jaar uitgesaai word, is hierdie navor= sing op steekproeftrekking gebaseer. Elke jaarlikse steekproef is op videoband opgeneem en bestaan uit vier weke se televisie-uitsendings wat saamgestel is uit een week van uitsendings per seisoen. Vir 'n volledige bespreking van die steekproef verwys na Van Rooyen (1977).

Alle programme wat in die steekproefweke uitgesaai is, is in die steekproewe opgeneem, maar slegs Suid-Afrikaans vervaardigde televisie= programme waarin een of meer van die genoemde bevolkingsgroepe van die RSA voorgekom het, is ontleed. Dit beteken dat alle programme afkomstig van die buiteland, òf dit nou in Engels aangebied is òf vanuit 'n ander taal in Engels of Afrikaans oorgeklank is, nie vir doeleindes van hierdie navorsing ontleed is nie. Nuusprogramme word as plaaslik vervaardig beskou al sluit dit gedeeltes in wat van die buiteland afkomstig is.

Die steekproef televisieprogramme van 1977 is net soos in die geval van die 1976-steekproef, op twee wyses ontleed. In die een geval is die frekwensie van voorkoms aangeteken van dié individue wat duidelik as persone/karakters gedifferensieerd is. In die ander geval is die duur van die voorkoms van al die betrokke persone/karakters aangeteken. Al= hoewel die ontleding toegespits is op persone/karakters van verskillende bevolkingsgroepe van die RSA, is Blankes van ander lande en Negers van die VSA wat wel in die plaaslik vervaardigde programme voorgekom het, vir vergelykingsdoeleindes ook by die frekwensietelling ingesluit.

Die ontledings is deur 'n span opgeleide kodeerders gedoen wat alle besonderhede aangeteken het op 'n datavel wat spesiaal vir dié doel ontwerp is. 'n Voorbeeld van 'n datavel word in bylae B aangegee. Hier= onder volg 'n uiteensetting van die eenhede, kategorieë en die opleidings- en koderingsprosedures wat in die ontleding gebruik is.



oorwegend positief vergelyk ten opsigte van die vier eienskappe "onbeskof-hoflik, primitief-beskaaf, vyandig-vriendelik en lui-hardwerkend". Deur middel van statistiese vergelykings is daar nagegaan of hierdie positiewe evaluerings van die persone/karakters tussen die twee jare verskil. Daar is bevind dat, indien die nie van toepassingkategorie buite rekening gelaat word, die persone/karakters in die 1977-programme hofliker, vriendeliker en meer hardwerkend voorgekom het, maar dat hulle in dieselfde mate beskaaf was as in die 1976-steekproef.

*Addisionele gegewens oor nuusprogramme:*

Daar is bevind dat daar in die nuusprogramme van 1977 statisties betekenisvol meer van lewende beelde as van statiese foto's en illustrasies gebruik gemaak is as wat die geval in 1976 was. Die getal persone wat hoorbaar gepraat het, het na verhouding nie statisties betekenisvol oor die twee jare verander nie, die getal persone in die kategorie "pratend-onhoor= baar" het na verhouding statisties betekenisvol vermeerder, en dié in die kategorie "nie-pratend" het statisties betekenisvol verminder.

Wat die oudiovisuele teenoor die uitsluitlik verbale aanbieding van nuussegmente betref, was daar na verhouding 'n statisties betekenisvolle toename in oudiovisuele segmente oor die twee jaar.

## 3.3 GEVOLGTREKKING

Die resultate van die analise dui daarop dat daar in die geheel (alle bevolkingsgroepe saam) 2 868 persone/karakters in die 1976-steek= proef van televisie-uitsendings en 3 153 persone/karakters in die 1977-programme voorgekom het. Blankes het telkens die grootste persentasie van hierdie twee televisiebevolkings uitgemaak. Die frekwensies van albei jare toon verder dat daar by byna alle bevolkingsgroepe 'n oorwig mans voorgekom het, en dat die meeste persone/karakters wat volgens hulle be= roepsrolle gekategoriseer kon word, in die kategorie "Atleet, sportman, afrigter en beampte" geplaas is. In beide steekproewe is die bevolkings= groepe in die geheel positief ten opsigte van die vier eienskappe onbeskof-hoflik, primitief-beskaaf, vyandig-vriendelik en lui-hardwerkend geëvalueer.

het die Blankes gesamentlik verreweg die grootste gedeelte van die televisie-bevolking van beide die 1976- en 1977-steekproef uitgemaak, naamlik respektiewelik 89,1 en 89,3 persent. Die voorkoms van hierdie persone/karakters het respektiewelik 60,8 en 59,3 persent van die plaas=lik vervaardigde programtyd in 1976 en 1977 in beslag geneem.

*Geslag:*

Die televisie-bevolking van beide steekproefjare het uit statis=ties betekenisvol meer mans (79,0 en 80,5 persent mans in 1976 en 1977 respektiewelik) as vroue bestaan. Die oorwig van mans in die verskillen=de bevolkingsgroepe het in gevalle waar statistiese vergelykings tussen die frekwensies van die twee jare moontlik was, in verhouding nie beteke=nisvol van 1976 tot 1977 verander nie.

*Beroepsrolle:*

By al die bevolkingsgroepe saam in die programme van 1976 en 1977, het die beroepsrolle van die meeste persone/karakters wat gekate=goriseer kon word in die kategorie "Atleet, sportman, afrigter en be=ampte" voorgekom, terwyl tweede en derde plekke deur kategorieë "Diens=werker, produksie en vervoerwerker en arbeider" en "Staatshoofde en politieke leiers en hulle eggenotes" ingeneem is. By die vier groepe Swart mense gesamentlik het die meeste persone/karakters in beide 1976 en 1977 in die kategorie "Staatshoofde en politieke leiers en hulle eggenotes" voorgekom. Wat die bevolkingsgroepe afsonderlik betref, het die meeste Afrikaans- en Engelssprekende Blankes sowel as die plaaslike Swart mense in die 1976-steekproef in die kategorie "Dienswerker, pro=duksie en vervoerwerker en arbeider" voorgekom. In die programme van 1977 was die verspreiding van beroepsrolle by die verskillende bevolkings=groepe dieselfde as in dié van 1976. Een uitsondering was die beroeps=rolle van Afrikaanssprekende Blankes wat in 1977 in die kategorie "Ander professionele, tegniese en verwante werkers" 'n toename getoon het.

*Evaluering ten opsigte van eienskappe:*

Die resultate van die analise het getoon dat die persone/karak=ters wat in plaaslik vervaardigde programme van die 1977-steekproef voor=gekom het, het, soos in die geval van die 1976-steekproef, in die geheel



1.3.2 *Eenhede*

(a) *Opname/frekwensie-eenheid*

Die verskillende bevolkingsgroepe van die RSA wat ondersoek is, is Blankes, Swart mense, Kleurlinge/Basters, Indiërs en Boes=mans. Dit beteken dat die opname-eenheid 'n gedifferensieerde persoon/karakter is uit een van die betrokke bevolkingsgroepe. Dit sluit in persone/karakters net soos wat hulle voorgekom het op die televisieskerm in hulle daaglikse lewe (as voorbeeld 'n sportman, onderhoudvoerder, staatshoof) òf as 'n karakter wat 'n rol vertolk, òf op 'n foto, op 'n skerm of prent òf slegs as agtergrond op een of ander wyse.

In die een ontleding waar dit die doelwit was om die frekwensie van die voorkoms van die persone/karakters van die onderskeie bevolkingsgroepe te bepaal, is 'n lid van 'n bevolkingsgroep sowel frekwensie-eenheid as opname-eenheid.

Soos reeds genoem, is slegs individue in die uitsendings wat duidelik as persone/karakters gedifferensieerd is, by die ont=leding betrek. Ten einde 'n individu as 'n duidelik gedifferen=sieerde persoon/karakter te beskou, moet hy/sy, na gelang van die program waarin hy/sy voorgekom het, aan een of meer van die volgende vereistes voldoen het:

1. *Dramaprogramme*

Die persoon/karakter moet in 'n hoof of ondergeskikte rol

(a) deelneem aan die dialoog en/of
(b) een of ander handeling uitvoer.

2. *Alle ander programme*

In hierdie gevalle word iemand as 'n duidelik gedifferen=sieerde persoon/karakter beskou as sy/haar gesig duidelik sigbaar is en hy/sy:

(a) deelneem aan die dialoog,

(b) of een of ander handeling uitvoer,

(c) of voorkom by wyse van 'n foto of bewegende beeld en nie praat nie, of onhoorbaar praat terwyl 'n kommen=tator of nuusleser vertel wat hy/sy gedoen of gesê het (hoofsaaklik van toepassing by nuusprogramme),

(d) of as die kamera doelbewus op 'n stilstaande of be=wegende persoon twee of meer sekondes lank fokus sodat sy/haar gesig duidelik sigbaar is met 'n spesi=fieke doel soos om die kommentaar te benadruk of die verbale met die visuele in verband te bring, of iets spesiaals onder die kykers se aandag te bring.

Groot groepe mense soos toeskouers, 'n gehoor, 'n groep dansers, 'n koor, 'n orkes, 'n sportspan of demonstrasiegroep van een of ander aard waarop die kamera fokus of waaroor dit swenk, word as agtergrond beskou. Gedifferensieerde persone/karakters kan eg=ter in baie van hierdie situasies na vore kom, byvoorbeeld die koorlid wat 'n solo sing, die rugbyspeler wat 'n ander speler 'n vuishou toedien, of tennisspeler wat sy raket teen die draad gooi, of een, twee of drie persone uit 'n groep toeskouers wat in ekstase die akrobate in 'n sirkus dophou of die beklemtoning van die musiek van 'n orkeslid wat 'n bepaalde musiekinstrument bespeel. Alle persone uit 'n groep wat spesifiek bekend gestel word, hetsy verbaal of by wyse van onderskrifte, is ook ontleed, byvoorbeeld die orkeslid met sy musiekinstrument, die wenner van 'n atletiekitem of die rugbyspeler wat 'n drie gedruk het.

(b) *Tydeenheid*

Die metings van die duur van die voorkoms van alle persone/karak=ters is in minute en sekondes gedoen. Dit is egter apart vir elke bevolkingsgroep gedoen en ook apart op die datavel aange=teken. In gevalle waar die kamera op twee of drie persone/karak=ters fokus wat gelyktydig voorkom, soos in 'n gesprek, is net een meting van duur vir die groep aangeteken.

(c) *Kontekseenheid*

Volgens Budd *et al.* (1967) is die kontekseenheid die kleinste hoeveelheid materiaal wat nodig is om die agtergrond te verskaf



# HOOFSTUK 3

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

### 3.1 INLEIDING

Die doel met hierdie navorsing is om deur middel van inhouds=analise die voorkoms van verskillende bevolkingsgroepe in die RSA, naamlik Swart mense, Blankes, Kleurlinge/Basters, Indiërs en Boesmans, in 'n steek=proef televisieprogramme wat in 1977 deur die SAUK uitgesaai is, te onder=soek. Die analise is uitgevoer op al die plaaslik vervaardigde programme in 'n steekproef van vier weke se televisieprogramme, naamlik een week per seisoen uit 1977 se televisie-uitsendings in die RSA. 'n Span kodeerders het die ontleding gedoen nadat daar met die verkryging van 'n bevredigende koëffisiënt van interbeoordelaarsbetroubaarheid vasgestel is dat subjek=tiwiteit by die kodeerders in baie hoë mate uitgeskakel is. Ten einde enkele belangrike verskille tussen televisieprogramme wat in 1976 en 1977 uitgesaai is, te kan aandui, is gegewens van 'n soortgelyke ontleding wat gedoen is op 'n steekproef programme wat in 1976 uitgesaai is (Van Rooyen, 1977 en 1978), by die bespreking van die bevindinge betrek.

Bevindinge van hierdie studie moet gesien word teen die agter=grond dat die televisie-uitsendings van die RSA waaruit die steekproef ge=trek is, slegs tot die Afrikaans- en Engelssprekende deel van die bevolking van die RSA gerig is. Verder is die evaluering van alle persone/karakters ten opsigte van die vier bipolêre eienskappe naamlik onbeskof-hoflik, primitief-beskaaf, vyandig-vriendelik en lui-hardwerkend vanuit 'n Westerse oogpunt gedoen.

### 3.2 BEVINDINGE

*Totale frekwensies en duur van voorkoms:*

Bevindinge van hierdie analise het getoon dat die totale televisie=bevolking van die 1977-steekproef van plaaslik vervaardigde programme op 3 153 persone/karakters te staan gekom het teenoor die 2 868 persone/karakters van die ooreenstemmende 1976-steekproef. Soos waarskynlik verwag kon word,

TABEL 2.10

FREKWENSIE VAN NUUSSEGMENTE VERDEEL VOLGENS AANBIEDINGSWYSE

| Onderwerp | 1976 Segmentsamestelling | | TOTAAL | 1977 Segmentsamestelling | | TOTAAL | $\chi^2$ 1976/1977 teenoor oudiovisueel/verbaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Oudiovisueel | Verbaal | | Oudiovisueel | Verbaal | | |
| Swart mense | 311 | 29 | 340 | 181 | 3 | 184 | 8,744(*) |
| Kleurlinge/Basters | 13 | 5 | 18 | 10 | 0 | 10 | 1,753(**) |
| Indiërs | 1 | 0 | 1 | 1 | 0 | 1 | ..(**) |
| Boesmans | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | .. |
| Meer as een bevolkingsgroep | 2 | 0 | 2 | 18 | 2 | 20 | 0,674(*) |
| Ander onderwerpe | 897 | 99 | 996 | 783 | 36 | 819 | 19,268(*) |
| TOTALE (Frekwensies) | 1 224 | 133 | 1 357 | 993 | 41 | 1 034 | 28 761(*) |
| TOTALE (Persentasies) | 90,2 | 9,8 | 100,0 | 96,0 | 4,0 | 100,0 | - |

(*) $p<0,05$; gv = 1.
(**) Selwaardes te klein vir berekening van $X^2$.



sodat die opnameeenheid akkuraat getel en gekategoriseer kan word. Vir hierdie analise is die kontekseenheid 'n televisie= program of onderafdeling daarvan. Met program word bedoel 'n sekere hegte beplande verloop van inhoud wat 'n eenheid vorm met 'n definitiewe aanvang en einde. 'n Program mag spesifiek vir televisie vervaardig wees op videoband of op film, of kan be= staan uit 'n direkte lewende uitsending, of kan ook die vorm aan= neem van 'n speelfilm wat aanvanklik vir 'n ander massamedium ver= vaardig is.

Programme is as 'n eenheid gekodeer volgens die dominante kenmerk van die program, met ander woorde die kenmerk wat 50 persent van die programtyd in beslag neem. Die programindeling is so saamgestel om die totale inhoud van die televisie-uitsendings te dek. 'n Omskrywing van die verskillende programsoorte word in bylae A gegee.

Weens die uiteenlopende soorte programme wat by hierdie inhouds= ontleding, betrek word, was dit nodig om nog 'n verdere onder= skeiding en omskrywing van program as kontekseenheid te maak:

1. In gevalle waar die hele program 'n fiktiewe of aktuele ge= beurtenis omsluit, soos in dramas, of dokumentêre programme, word die hele program as die kontekseenheid beskou.

2. In uitsendings was uit items soos joernaal- of sportprogramme bestaan, word elke item as 'n aparte kontekseenheid beskou.

3. In nuusuitsendings is die kontekseenheid 'n nuussegment. Volgens die definisie van Kerner (1968) word 'n nuussegment gedefinieer as die dekking van 'n enkele nuusstorie geïnisieer deur die nuusleser en opgevolg deur 'n verbandhoudende rapport deur 'n nuuskorrespondent in die veld. 'n Terugkeer na die nuusleser is die teken vir 'n nuwe nuussegment, selfs al is dit 'n verbandhoudende storie waarna teruggekeer word. As daar nie 'n opvolging van die storie deur 'n korrespondent in die veld of ateljee is nie, verander die nuussegment elke keer as die nuusleser onderwerpe verander. Waar direk gesny word van een nuuskorrespondent na 'n ander een op 'n ander plek,

word laasgenoemde snit as 'n aparte segment getel.

'n Nuussegment kan verder òf oudiovisueel òf net verbaal wees. 'n Verbale segment bestaan uit slegs verbale kommentaar van die nuusleser of nuuskorrespondent teen 'n eenvoudige agtergrond sonder bykomende visuele beelde of illustrasies, byvoorbeeld 'n chromasleutelagtergrond, 'n houtpaneel, of 'n swart agtergrond met slegs die SATV-embleem.

'n Oudiovisuele nuussegment kan bestaan uit 'n kombinasie van kommentaar van die nuusleser wat self onsigbaar is, terwyl die gebeure of persoon waaroor die nuus gaan, visueel op die skerm verskyn, of die nuusleser kan sigbaar wees teen 'n agtergrond van visuele beelde of illustrasies wat die skerm geheel of gedeeltelik vul, of die persoon waaroor die berig gaan, kan voorkom terwyl hy self praat.

### 1.3.3 *Kategorieë*

Die kategorieë is kompartemente met duidelik gedifferensieerde grense waarin die materiaal wat ontleed moet word, gegroepeer word. Die volgende kategorieë is by hierdie ontleding gebruik:

(a) *Bevolkingsgroep*

Ten einde die ontleding sinvoller te maak, is twee van die betrokke bevolkingsgroepe naamlik Swart mense en Blankes, verder onderverdeel. Die onderverdeling van Swart mense is in terme van herkoms en dié van die Blankes in terme van taalgebruik gedoen. Die klassifikasie van bevolkingsgroepe is soos volg:

1. Swart mense van die RSA, die nasionale state (tuislande) en Suidwes-Afrika
2. Swart mense van die res van Afrika tot by die fiktiewe lyn volgens Seligman (1967) naamlik vanaf die mond van die Senegalrivier deur Timbuktu tot by Khartoum, dan suidwaarts en weswaarts na die Ethiopiese grens tot omtrent 120° noord, daarvandaan al langs die westelike en dan suidelike grens van Ethiopië tot by die Jubarivier en dan met die rivier tot by die Indiese Oseaan.



TABEL 2.9

WYSE VAN VOORKOMS VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN NUUSPROGRAMME

| Bevolkingsgroepe | 1976 | | | | | 1977 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Wyse van voorkoms | | | | TOTAAL | Wyse van voorkoms | | | | TOTAAL |
| | Pratend-hoorbaar | Pratend-onhoorbaar | Nie-pratend | Statiese foto of illustrasie | | Pratend-hoorbaar | Pratend onhoorbaar | Nie-pratend | Statiese foto of illustrasie | |
| Swart mense afkomstig van die RSA, nasionale state en SWA | 13 | 19 | 63 | 12 | 107 | 10 | 13 | 23 | 4 | 50 |
| Swart mense afkomstig van die res van Afrika | 7 | 5 | 13 | 33 | 58 | 5 | 10 | 17 | 23 | 55 |
| Negers afkomstig van die VSA | 6 | 0 | 5 | 3 | 14 | 5 | 6 | 3 | 16 | 30 |
| Swart mense afkomstig van ander plekke | 3 | 1 | 6 | 0 | 10 | 0 | 1 | 0 | 0 | 1 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Afrikaans praat | 89 | 3 | 2 | 4 | 98 | 126 | 8 | 20 | 5 | 159 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Engels praat | 97 | 0 | 2 | 4 | 103 | 128 | 0 | 1 | 2 | 131 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat nie praat nie | 0 | 44 | 115 | 146 | 305 | 3 | 89 | 92 | 105 | 289 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat 'n ander taal praat | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 |
| Alle ander Blankes | 86 | 15 | 93 | 196 | 390 | 63 | 98 | 104 | 142 | 407 |
| Kleurlinge/Basters | 5 | 0 | 9 | 2 | 16 | 2 | 5 | 8 | 2 | 17 |
| Indiërs | 2 | 0 | 0 | 1 | 3 | 0 | 1 | 0 | 0 | 1 |
| Boesmans | 0 | 0 | 2 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Alle anderkleuriges | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 7 | 1 | 12 |
| TOTALE (Frekwensies) | 308 | 87 | 310 | 401 | 1 106 | 342 | 235 | 276 | 300 | 1 153 |
| TOTALE (Persentasies) | 27,8 | 7,9 | 28,1 | 36,2 | 100,0 | 29,7 | 20,4 | 23,9 | 26,0 | 100,0 |

$X^2$ (1976/1977 teenoor wyse van voorkoms: pratend-hoorbaar/pratend onhoorbaar/nie-pratend/statiese foto of illustrasie) = 85,235; p<0,05; gv = 3
$X^2$ (1976/1977 teenoor pratend-hoorbaar/res: pratend onhoorbaar + nie-pratend + foto of illustrasie) = 0,820; p>0,01; gv = 1
$X^2$ (1976/1977 teenoor pratend-onhoorbaar/res: pratend hoorbaar + nie-pratend + statiese foto of illustrasie) = 71,324; p<0,01; gv = 1
$X^2$ (1976/1977 teenoor nie-pratend/res: pratend hoorbaar + pratend onhoorbaar + statiese foto of illustrasie) = 4,918; p<0,01; gv = 1
$X^2$ (1976/1977 teenoor statiese foto of illustrasie/res (lewende beeld): pratend hoorbaar + pratend onhoorbaar + nie-pratend) = 26,708; p<0,01; gv = 1

betekenisvol verander het ($X^2 = 85,235$; $p<0,05$; gv = 3). In 1977 is daar minder van statiese foto's en illustrasies gebruik gemaak terwyl die lewende beeld meer aandag geniet het ($X^2 = 26,708$; $p<0,01$; gv = 1). Wat die voorkoms van persone in lewende beeld betref, is bevind dat daar in 1977 in verhouding statisties betekenisvol minder persone in die kategorie nie-pratend en meer persone in die kategorie pratend-onhoorbaar, as in 1976 voorgekom het ($X^2 = 4,918$; $p<0,01$; gv = 1; en $X^2 = 71,324$; $p<0,01$; gv = 1, respektiewelik). Die getal persone wat hoorbaar gepraat het, het egter in verhouding nie statisties betekenisvol oor die twee jare verander nie ($X^2 = 0,820$; $p>0,01$; gv = 1).

2.7.2 *Frekwensie van nuussegmente* (tabel 2.10)

Wat betref die aanbiedingswyse van nuussegmente, dit wil sê die uitsluitlik verbale teenoor die oudiovisuele aanbieding van nuussegmente wat oor die verskillende bevolkingsgroepe gehandel het, blyk dit uit die tabel dat die nuusprogramme in die 1977-steekproef bestaan het uit 1 034 nuussegmente waarvan verreweg die meeste (96%) oudiovisueel van aard was. In vergelyking met die nuusprogramme van die 1976-steekproef was daar volgens inspeksie ŉ afname in die totale aantal nuussegmente van die nuus=programme in die 1977-steekproef, maar die aanbieding van die nuussegmente was volgens die chi-kwadraatberekening betekenisvol in verhouding meer oudiovisueel van aard as in 1976 ($X^2 = 28,761$; $p<0,05$; gv = 1). Soortge=lyke veranderings oor die twee jaar is bevind ten opsigte van segmente wat oor Swart mense en ander onderwerpe gehandel het.



3. Negers van die VSA
4. Alle ander Swart mense.
5. Blankes van die RSA, die nasionale state (tuislande) en SWA wat Afrikaans praat.
6. Blankes van die RSA, die nasionale state (tuislande) en SWA wat Engels praat.
7. Blankes van die RSA, die nasionale state (tuislande) en SWA wat nie praat nie.
8. Blankes van die RSA, die nasionale state (tuislande) en SWA wat ŉ ander taal praat.
9. Kleurlinge en Basters.
10. Indiërs.
11. Boesmans.

(b) *Geslag*

Elke persoon/karakter is volgens geslag gekategoriseer, met ander woorde òf manlik, òf vroulik òf onbepaald in gevalle soos babas waar die geslag nie vasgestel kon word nie.

(c) *Beroepsrol*

Elke persoon/karakter van elke bevolkingsgroep hierbo genoem, is aangeteken. Die rol waarin die persoon/karakter voorgekom het in die bepaalde moment(e) wat die kamera op hom/haar gefokus het, is as sy/haar beroepsrol aangeteken. ŉ Beroepsrol is afgelei deur een of meer van die volgende:

1. Die kleredrag van die individu, byvoorbeeld ŉ soldaat of verpleegster se uniform;
2. melding wat die nuusleser daaromtrent maak;
3. handelinge van die individu wat die aard van die beroepe suggereer, byvoorbeeld tikster of atleet; en
4. die dialoog soos in dramas.

ŉ Beroepsrol hou nie noodwendig altyd verband met die persoon se werklike manier van geld verdien nie. ŉ Tennisspeler op die skerm kan miskien in werklikheid sy geld as advokaat verdien, maar sy beroepsrol is as ŉ sportman aangeteken. In gevalle waar ŉ persoon moontlik in meer as een kategorie geplaas kan word, is die beroeps=rol afgelei van dit waarop die kamera en die kommentaar die klem

laat val. As die kamera byvoorbeeld fokus op 'n atleet in aksie in 'n berig wat oor atletiek gaan, is hy as 'n sportman geklassifi= seer, selfs al sou uit die kommentaar terloops afgelei kon word dat hy 'n leerling is.

Die verdeling van beroepsrolle wat gebruik is, berus hoofsaaklik op die verdeling van beroepe wat deur die Departement van Statis= tiek (1976) by die bevolkingsensus van 1970 toegepas is. Wysigings is aangebring om by die behoeftes van hierdie ontleding aan te pas. Die volgende verdeling is gebruik:

1. Staatshoofde en politieke leiers en hulle eggenotes.
2. Ander administratiewe en bestuurswerkers, byvoorbeeld burgemeester, administrateur, stadsklerk.
3. Akteur, verhoogkunstenaar en regisseur - professioneel en semi-professioneel.
4. Atleet, sportman, afrigter, beampte - professioneel en semi-professioneel.
5. Ander professionele, tegniese en verwante werkers, byvoor= beeld regter, verpleegster, loods.
6. Klerklike-, verkoops- en verwante werkers, byvoorbeeld posmeester, makelaar, telefonis.
7. Dienswerker, produksie- en vervoerwerker en arbeider, by= voorbeeld polisiebeampte, soldaat, joggie, programleier.
8. Plaas-, bosbouwerker, visser en jagter.
9. Huisvroue.
10. Ander nie-ekonomiese bedrywige persone.
11. Ongespesifiseer.

(d) *Eienskappe*

In hierdie geval bestaan die kategorie uit vier skale of bipolêre eienskappe waarvolgens elke persoon/karakter beoordeel is. Hier= die eienskappe is verkry uit 'n lys van 35 bipolêre eienskappe wat gebruik word in ander RGN-projekte oor die invloed van televisie op die sienswyses wat verskillende Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe van hulself en teenoor mekaar huldig. Van hierdie eienskappe is slegs dié betrek wat by alledaagse interpersoonlike kontak 'n rol kan speel en tot uiting kan kom. Die geskiktheid van laasgenoemde eienskappe as kategorieë by inhoudsontleding van televisieprogramme is tydens 'n vooronderSoek nagegaan. Hierna is die oorblywende



wat in die 1977-steekproef ten opsigte van hierdie eienskap na vore gekom het, toon geen statisties betekenisvolle verskil van die patroon van evaluasies in die 1976-steekproef nie ($X^2$ = 0,099; p>0,05; gv = 1).

2.6.3 *Eienskap "vyandig-vriendelik"* (tabel 2.7)

Volgens die tabel is minder as die helfte van die bevolking in sowel die 1976- as die 1977-steekproef op die skaalpunte een tot vyf geë= valueer (46,3 en 44,8 persent in 1976 en 1977 respektiewelik). Alhoewel die evaluasies in beide gevalle hoofsaaklik positief was, is daar na ver= houding meer persone/karakters positief geëvalueer in die 1977-steekproef as in die 1976-steekproef ($X^2$ = 19,107; p<0,05; gv = 1).

2.6.4 *Eienskap "lui-hardwerkend"* (tabel 2.8)

Van die persone/karakters van die 1977-steekproefbevolking wat geëvalueer kon word ten opsigte van die eienskap lui-hardwerkend, is meer indiwidue positief geëvalueer as wat die geval was in die ooreenstemmende 1976-steekproefbevolking ($X^2$ = 5,596; p<0,05; gv = 1). Al die persone/ karakters van die 1977-televisiebevolking wat ten opsigte van hierdie eienskap geëvalueer kon word het voorgekom by skaalpunte vier (hardwerkend) en vyf (baie hardwerkend). Alhoewel 'n aantal persone/karakters uit die 1976-steekproefbevolking op die eerste drie skaalpunte van die eienskap geëvalueer is, het daar vir hierdie jaar ten opsigte van hierdie eienskap ook 'n oorwegende positiewe beeld van diegene wat geëvalueer is, na vore gekom.

## 2.7 ADDISIONELE KATEGORIEË BY NUUSPROGRAMME

Ten slotte word aandag aan twee aspekte van nuusprogramme gegee, naamlik die wyse van die voorkoms van die verskillende bevolkingsgroepe in nuussegmente en die aanbiedingswyse van die verskillende nuussegmente.

2.7.1 *Wyse van voorkoms van die verskillende bevolkingsgroepe in nuusprogramme* (tabel 2.9)

Wat opval in die tabel is dat die wyse van voorkoms van die be= volkingsgroepe gesamentlik in die nuusprogramme van 1976 en 1977 statisties

TABEL 2.8

EVALUERING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE TEN OPSIGTE VAN DIE EIENSKAP "LUI-HARDWERKEND"

| Bevolkingsgroepe | 1976 | | | | | | | 1977 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Lui-hardwerkend | | | | | | | Lui-hardwerkend | | | | | | |
| | Skaalpunte | | | | | | | Skaalpunte | | | | | | |
| | 1 Baie lui | 2 Lui | 3 In gelyke mate lui en hard= werkend | 4 Hard= werkend | 5 Baie hard= werkend | Nie van toe= passing nie | TOTAAL | 1 Baie lui | 2 Lui | 3 In gelyke mate lui en hard= werkend | 4 Hard= werkend | 5 Baie hard= werkend | Nie van toe= passing nie | TOTAAL |
| Swart mense afkomstig van die RSA, nasionale state en SWA | 4 | 1 | 1 | 96 | 44 | 41 | 187 | 0 | 0 | 0 | 73 | 54 | 39 | 166 |
| Swart mense afkomstig van die res van Afrika | 0 | 0 | 0 | 9 | 37 | 14 | 60 | 0 | 0 | 0 | 4 | 52 | 10 | 66 |
| Negers afkomstig van die VSA | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 18 | 18 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 38 | 38 |
| Swart mense afkomstig van ander plekke | 0 | 0 | 1 | 6 | 2 | 5 | 14 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Afrikaans praat | 0 | 1 | 0 | 191 | 212 | 100 | 504 | 0 | 0 | 0 | 250 | 225 | 137 | 612 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Engels praat | 0 | 0 | 0 | 242 | 195 | 95 | 532 | 0 | 0 | 1 | 304 | 233 | 168 | 706 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat nie praat nie | 0 | 0 | 2 | 228 | 626 | 268 | 1 124 | 0 | 0 | 0 | 204 | 663 | 221 | 1 088 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat 'n ander taal praat | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 3 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 | 1 | 3 |
| Alle ander Blankes | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 390 | 390 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 408 | 408 |
| Kleurlinge/Basters | 0 | 0 | 0 | 12 | 8 | 5 | 25 | 0 | 0 | 0 | 21 | 18 | 4 | 43 |
| Indiërs | 0 | 0 | 0 | 4 | 3 | 0 | 7 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 2 |
| Boesmans | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 2 | 4 | 0 | 0 | 0 | 5 | 0 | 2 | 7 |
| Alle anderkleuriges | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 12 | 13 |
| TOTALE (Frekwensies) | 4 | 2 | 4 | 788 | 1 129 | 941 | 2 868 | 0 | 0 | 1 | 863 | 1 247 | 1 042 | 3 153 |
| TOTALE (Persentasies) | 0,1 | 0,1 | 0,1 | 27,4 | 39,4 | 32,9 | 100,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 27,4 | 39,5 | 33,0 | 100,0 |

$X^2$ vir totale bevolkingsgroepe: 1976/1977 teenoor positiewe evaluerings (skaalpunte 4 en 5)/(ander evaluerings) = 5,596; $p<0,05$; gv = 1.



eienskappe by 'n interbeoordelaarsbetroubaarheidstudie betrek en die eienskappe wat baie selde of nooit voorgekom het nie, is ook uitgesluit.

In die genoemde RGN-projekte waar die eienskappe gebruik word, word die sienswyses van die samelewing ten opsigte van elke eienskap ondersoek deur gebruik te maak van die semantiese differensiaal. Aangesien dit 'n doelwit is om bevindinge van hierdie analise te gebruik om resultate van die ander projekte in perspektief te plaas, is die semantiese differensiaal ook in hierdie geval benut. Dit beteken dat die kodeerders elke betrokke eienskap van die karakter wat op televisie voorgekom het, volgens 'n vyfpuntskaal geëvalueer het. Alle omskrywings van die eienskappe is vanuit 'n Westerse Suid-Afrikaanse oogpunt gedoen en lui soos volg:

1. *Kategorie "onbeskof–hoflik"*

(a) *Skaalpunt 1 - baie onbeskof*: 'n Persoon kan onbeskof wees in sy taalgebruik of in sy handelinge en optrede teenoor andere. Onbeskoftheid sluit in slegte maniere, onverfyndheid en gebrek aan kennis van die goeie gebruike van die samelewing. Voorbeeld: 'n Persoon wat 'n deur in 'n ander se gesig toeslaan, of 'n telefoon halfpad deur 'n gesprek neersit, of 'n ander slegsê.

(b) *Skaalpunt 2 - onbeskof*: In hierdie geval is daar in mindere mate onbeskoftheid in optrede en taalgebruik. Voorbeeld: Iemand wat nors en kortaf optree teenoor 'n persoon wat aan sy deur klop.

(c) *Skaalpunt 3*: Waar dieselfde mate van hoflikheid en onbeskoftheid teenwoordig is. Voorbeeld: In 'n gewone gespreksituasie waar die een persoon die ander in die rede val en dan weer om verskoning vra daarvoor.

(d) *Skaalpunt 4 - hoflik*: Die persoon toon nie so 'n hoë mate van hoflikheid nie, maar is ook nie onbeskof nie. Voorbeeld: 'n Persoon groet slegs met 'n knik van die hoof.

(e) *Skaalpunt 5 - baie hoflik:* Hoflikheid kan geopenbaar word in taalgebruik en in 'n handeling, gebaar of optrede teenoor andere. Dit dui op 'n handeling wat strook met 'n goeie op= voeding en al die ander gepaardgaande verfynde maniere van die tyd. Dit sluit in eienskappe soos galantheid, beleefd= heid, respek en konsiderasie vir andere. Voorbeeld: Om 'n deur vir 'n ander oop te hou, of om jou hoed af te haal en met 'n galante buiging met die hand te groet.

2. *Kategorie "vyandig-vriendelik"*

(a) *Skaalpunt 1 - baie vyandig:* Dit is 'n negatiewe en antagonis= tiese houding of gesindheid teenoor een of meer mense en dui op teenkanting. Enige uitspraak of handeling wat 'n aandui= ding is van so 'n houding of gesindheid, word dus as vyandig beskou. Voorbeeld: 'n Persoon wat gevange geneem word en hom hewig fisies verset in die proses en terselfdertyd 'n aggressiewe houding openbaar teenoor almal met wie hy praat.

(b) *Skaalpunt 2 - vyandig:* Die houding of gesindheid is in min= dere mate vyandig, maar nog nie vriendelik nie. Voorbeeld: 'n Negatiewe opmerking oor een of ander land deur 'n leier van 'n ander land.

(c) *Skaalpunt 3:* Waar elemente van vyandigheid en vriendelikheid in gelyke mate teenwoordig is. Voorbeeld: 'n Man is vyandig teenoor sy vrou en in dieselfde situasie uiters vriendelik teenoor sy vriendin.

(d) *Skaalpunt 4 - vriendelik:* Nie uitermate vriendelik nie, maar ook nie vyandig nie. Voorbeeld: Twee persone in 'n gemoedelike gespreksituasie.

(e) *Skaalpunt 5 - baie vriendelik:* Dit is 'n positiewe houding van goedgesindheid en/of hulpvaardigheid. Voorbeeld: 'n Paar kindertjies wat uitbundig lag en saamspeel en saam bou aan 'n sandkasteel.



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

TABEL 2.7

EVALUERING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE TEN OPSIGTE VAN DIE EIENSKAP "VYANDIG-VRIENDELIK"

| Bevolkingsgroepe | 1976 | | | | | | | 1977 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vyandig-vriendelik | | | | | | | Vyandig-vriendelik | | | | | | |
| | Skaalpunte | | | | | | | Skaalpunte | | | | | | |
| | 1 Baie vyan= dig | 2 Vyandig | 3 In gelyke mate vy= andig en vriendelik | 4 Vrien= delik | 5 Baie vrien= delik | Nie van toe= passing nie | TOTAAL | 1 Baie vyan= dig | 2 Vyandig | 3 In gelyke mate vy= andig en vriendelik | 4 Vrien= delik | 5 Baie vrien= delik | Nie van toe= passing nie | TOTAAL |
| Swart mense afkomstig van die RSA, nasionale state en SWA | 12 | 23 | 10 | 86 | 23 | 33 | 187 | 1 | 0 | 0 | 38 | 2 | 125 | 166 |
| Swart mense afkomstig van die res van Afrika | 1 | 8 | 12 | 12 | 7 | 20 | 60 | 0 | 5 | 2 | 21 | 0 | 36 | 66 |
| Negers afkomstig van die VSA | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 18 | 18 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 38 | 38 |
| Swart mense afkomstig van ander plekke | 0 | 1 | 0 | 6 | 0 | 7 | 14 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Afrikaans praat | 2 | 9 | 18 | 350 | 55 | 70 | 504 | 4 | 3 | 26 | 486 | 7 | 86 | 612 |
| Blankes van die RSA, na= sionale state en SWA wat Engels praat | 3 | 11 | 13 | 338 | 96 | 71 | 532 | 2 | 4 | 14 | 574 | 20 | 92 | 706 |
| Blankes van die RSA, na= sionale state en SWA wat nie praat nie | 7 | 3 | 0 | 167 | 34 | 913 | 1 124 | 4 | 5 | 8 | 163 | 4 | 904 | 1 088 |
| Blankes van die RSA, na= sionale state en SWA wat 'n ander taal praat | 0 | 0 | 2 | 1 | 0 | 0 | 3 | 0 | 1 | 0 | 1 | 0 | 1 | 3 |
| Alle ander Blankes | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 390 | 390 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 408 | 408 |
| Kleurlinge/Basters | 0 | 1 | 0 | 13 | 0 | 11 | 25 | 0 | 0 | 0 | 13 | 0 | 30 | 43 |
| Indiërs | 0 | 0 | 0 | 3 | 0 | 4 | 7 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 2 |
| Boesmans | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 3 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 7 | 7 |
| Alle anderkleuriges | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 13 | 13 |
| TOTALE (Frekwensies) | 25 | 56 | 55 | 977 | 215 | 1 540 | 2 868 | 11 | 19 | 50 | 1 296 | 35 | 1 742 | 3 153 |
| TOTALE (Persentasies) | 0,9 | 2,0 | 1,9 | 34,0 | 7,5 | 53,7 | 100,0 | 0,3 | 0,6 | 1,6 | 41,1 | 1,1 | 55,2 | 100,0 |

$X^2$ vir totale bevolkingsgroepe: 1976/1977 teenoor positiewe evaluerings (skaalpunte 4 en 5)/(ander evaluerings) = 19,107; p<0,05; gv = 1.

TABEL 2.6

EVALUERING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE TEN OPSIGTE VAN DIE EIENSKAP "PRIMITIEF-BESKAAF"

| Bevolkingsgroepe | 1976 | | | | | | | 1977 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Primitief-beskaaf | | | | | | | Primitief-beskaaf | | | | | | |
| | Skaalpunte | | | | | | | Skaalpunte | | | | | | |
| | 1 Baie primi= tief | 2 Primi= tief | 3 In gelyke mate pri= mitief en beskaaf | 4 Beskaaf | 5 Baie beskaaf | Nie van toe= passing nie | TOTAAL | 1 Baie primi= tief | 2 Primi= tief | 3 In gelyke mate pri= mitief en beskaaf | 4 Beskaaf | 5 Baie beskaaf | Nie van toe= passing nie | TOTAAL |
| Swart mense afkomstig van die RSA, nasionale state en SWA | 0 | 0 | 4 | 25 | 157 | 1 | 187 | 8 | 3 | 0 | 1 | 141 | 13 | 166 |
| Swart mense afkomstig van die res van Afrika | 0 | 0 | 0 | 10 | 49 | 1 | 60 | 1 | 0 | 0 | 0 | 65 | 0 | 66 |
| Negers afkomstig van die VSA | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 18 | 18 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 38 | 38 |
| Swart mense afkomstig van ander plekke | 0 | 0 | 0 | 3 | 11 | 0 | 14 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Afrikaans praat | 0 | 0 | 1 | 5 | 461 | 37 | 504 | 0 | 0 | 0 | 1 | 569 | 42 | 612 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Engels praat | 0 | 4 | 1 | 28 | 456 | 43 | 532 | 1 | 0 | 0 | 1 | 671 | 33 | 706 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat nie praat nie | 0 | 0 | 0 | 50 | 797 | 277 | 1 124 | 0 | 0 | 0 | 40 | 602 | 446 | 1 088 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat 'n ander taal praat | 0 | 0 | 0 | 2 | 1 | 0 | 3 | 0 | 0 | 0 | 1 | 2 | 0 | 3 |
| Alle ander Blankes | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 390 | 390 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 408 | 408 |
| Kleurlinge/Basters | 0 | 0 | 0 | 1 | 24 | 0 | 25 | 0 | 0 | 2 | 0 | 38 | 3 | 43 |
| Indiërs | 0 | 0 | 0 | 1 | 6 | 0 | 7 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 | 2 |
| Boesmans | 1 | 1 | 0 | 0 | 2 | 0 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 7 | 0 | 7 |
| Alle anderkleuriges | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 12 | 13 |
| TOTALE (Frekwensies) | 1 | 5 | 6 | 125 | 1 964 | 787 | 2 868 | 10 | 3 | 2 | 44 | 2 098 | 996 | 3 153 |
| TOTALE (Persentasies) | 0,0 | 0,2 | 0,2 | 4,4 | 68,5 | 28,7 | 100,0 | 0,3 | 0,1 | 0,1 | 1,4 | 66,5 | 31,6 | 100,0 |

$X^2$ vir totale bevolkingsgroepe: 1976/1977 teenoor positiewe evaluerings (skaalpunte 4 en 5)/(ander evaluerings) = 0,099; $p>0,05$; gv = 1.



3. *Kategorie "lui-hardwerkend"*

(a) *Skaalpunt 1 - baie lui:* Gekant teen enige vorm van gees= telike of fisieke werk. Onaktief of traag om te werk en sal doelbewus probeer om werk vry te spring. Voorbeeld: Leeglêers of boemelaars wat dalk oor hoë kwalifikasies be= skik, maar glad nie wil werk nie.

(b) *Skaalpunt 2 - lui:* Doen 'n mate van werk maar is nogtans lui en steek lyf weg. Voorbeeld: 'n Tikster voor 'n tikmasjien wat duidelik te kenne gee dat sy nie lus is vir werk nie en merkbaar stadig vorder met haar werk.

(c) *Skaalpunt 3:* In dieselfde mate lui en hardwerkend. Voor= beeld: 'n Persoon in 'n bepaalde werksituasie werk hard, maar dwaal dan doelbewus van sy medewerkers af om tydsaam met andere te gesels en te rook.

(d) *Skaalpunt 4 - hardwerkend:* Nie 'n baie ywerige werker nie, maar ook nie lui nie. Dit sluit mense in wat in 'n doodge= wone beroepsrol of werksituasie uitgebeeld word en op nor= male wyse hulle werk uitvoer. Voorbeeld: 'n Mynwerker waar hy in die myn werk of 'n verpleegster in 'n hospitaal.

(e) *Skaalpunt 5 - baie hardwerkend:* 'n Aktiewe bedrywige persoon wat plig eerste stel en wat meer sal doen as sy normale daag= likse plig. Sal vrywillig sy dienste aanbied. Die kategorie het betrekking op mense wat uigebeeld word in hoë posisies of beroepsrolle wat baie harde werk moes vereis het om dit te kon bereik. Voorbeeld: 'n Staatshoof, rektor, profes= sionele sportman of akteur. Gevalle waar die storie of kom= mentaar duidelik laat blyk dat die persoon 'n baie harde werker is, word ook ingesluit.

4. *Kategorie "primitief-beskaaf"*

Vir doeleindes van hierdie ontleding het primitief en beskaaf respektiewelik die betekenis van onontwikkeld of ontwikkeld volgens Westerse maatstawwe.



052014

(a) *Skaalpunt 1 – baie primitief:* Dit dui op gedrag, houding en tradisies wat verband hou met die vroeë stadium van ontwikkeling en wat volgens Westerse maatstawwe geheel onontwikkeld van aard is. Daar is nie 'n enkele element van Westerse beskawing teen= woordig nie. Voorbeeld: 'n Primitiewe Indiaanse stam in die Amasone-gebied wat streng volgens oorgeërfde rituele en tradisies lewe.

(b) *Skaalpunt 2 – primitief:* Oorwegend onontwikkeld maar met 'n element van ontwikkelde Westerse gedrag, houding en tradisie daarby. Voorbeeld: By 'n primitiewe ritueel dra sommige van die stamgenote Westerse kleredrag.

(c) *Skaalpunt 3:* Primitiewe en beskaafde elemente in gelyke mate teenwoordig. Voorbeeld: Dra Westerse kleredrag maar eet pap met die hand uit 'n driepootpot.

(d) *Skaalpunt 4 – beskaaf:* Oorwegend ontwikkeld van aard met 'n element van onontwikkeldheid ook teenwoordig. Dit het grootliks te make met die vroeër stadia van Westerse tegnologiese ont= wikkeling. Voorbeeld: Iemand wat slegs 'n perdekar as vervoer gebruik of in sy tuiste alleen staatmaak op 'n kers om lig te verskaf.

(e) *Skaalpunt 5 – baie beskaaf:* Dit dui hoofsaaklik op die Westerse beskawing en leefwyse. Die persoon is beskaaf, verfynd, ge= letterd, en gevorderd in Westerse sosiale kultuur en taalgebruik, en maak gebruik van moderne Westerse tegnologie en kleredrag.

5. *Addisionele kategorieë slegs by nuusprogramme*

Ten einde die ontleding verder aan te vul, is alle nuusprogramme by twee addisionele kategorieë betrek.



TABEL 2.5

EVALUERING VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE TEN OPSIGTE VAN DIE EIENSKAP "ONBESKOF-HOFLIK"

| Bevolkingsgroepe | 1976 | | | | | | | 1977 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Onbeskof-hoflik | | | | | | | Onbeskof-hoflik | | | | | | |
| | Skaalpunte | | | | | | | Skaalpunte | | | | | | |
| | 1 Baie on= beskof | 2 Onbeskof | 3 Gelyke mate onbeskof en hof= lik | 4 Hoflik | 5 Baie hoflik | Nie van toe= passing nie | TOTAAL | 1 Baie on= beskof | 2 Onbeskof | 3 Gelyke mate onbeskof en hof= lik | 4 Hoflik | 5 Baie hoflik | Nie van toe= passing nie | TOTAAL |
| Swart mense afkomstig van die RSA, nasionale state en SWA | 0 | 2 | 0 | 59 | 19 | 107 | 187 | 1 | 0 | 0 | 30 | 9 | 126 | 166 |
| Swart mense afkomstig van die res van Afrika | 0 | 0 | 0 | 10 | 6 | 44 | 60 | 0 | 0 | 0 | 15 | 6 | 45 | 66 |
| Negers afkomstig van die VSA | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 18 | 18 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 38 | 38 |
| Swart mense afkomstig van ander plekke | 0 | 0 | 0 | 1 | 2 | 11 | 14 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Afrikaans praat | 2 | 6 | 11 | 399 | 16 | 70 | 504 | 4 | 2 | 19 | 479 | 5 | 103 | 612 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Engels praat | 3 | 12 | 8 | 422 | 5 | 82 | 532 | 0 | 2 | 4 | 572 | 3 | 125 | 706 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat nie praat nie | 1 | 5 | 2 | 63 | 43 | 1 010 | 1 124 | 3 | 0 | 1 | 88 | 23 | 973 | 1 088 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat 'n ander taal praat | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 2 | 3 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 2 | 3 |
| Alle ander Blankes | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 390 | 390 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 408 | 408 |
| Kleurlinge/Basters | 0 | 0 | 0 | 8 | 7 | 10 | 25 | 0 | 0 | 0 | 9 | 4 | 30 | 43 |
| Indiërs | 0 | 0 | 0 | 2 | 1 | 4 | 7 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 2 |
| Boesmans | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 3 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 7 | 7 |
| Alle anderkleuriges | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 13 | 13 |
| TOTALE (Frekwensies) | 6 | 25 | 21 | 966 | 99 | 1 757 | 2 868 | 8 | 5 | 24 | 1 194 | 50 | 1 872 | 3 153 |
| TOTALE (Persentasies) | 0,2 | 0,9 | 0,7 | 33,6 | 3,5 | 61,1 | 100,0 | 0,3 | 0,2 | 0,8 | 37,9 | 1,6 | 59,4 | 100,0 |

$X^2$ vir totale bevolkingsgroepe: 1976/1977 teenoor positiewe evaluerings (skaalpunte 4 en 5)/(ander evaluerings) = 4,769; p<0,05; gv = 1.

2.6 DIE VIER EIENSKAPPE BY DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE

Waar daar in die vorige afdelings na die duur en frekwensie van die voorkoms van die verskillende bevolkingsgroepe verwys is, word daar in hierdie afdeling gelet op die evaluering van al die persone/karakters van die verskillende bevolkingsgroepe. Die evaluering geskied ten opsigte van vier bipolêre eienskappe, naamlik onbeskof-hoflik, primitief-beskaaf, vyandig-vriendelik en lui-hardwerkend. Vir die doeleindes van die statis= tiese vergelykings van die twee jare se evaluerings van die vier eienskap= skale, is die frekwensies op skaalpunte een tot drie en skaalpunte vier en vyf saamgegroepeer, terwyl die frekwensies van die nie-van-toepassingkate= gorie buite rekening gelaat is. Weens die lae frekwensies in die meerder= heid van selle in die vier hieropvolgende tabelle, is die chi-kwadraat= toets slegs op die totale van elke tabel toegepas.

2.6.1 *Eienskap "onbeskof-hoflik"* (tabel 2.5)

Wat dadelik opval in die tabel is dat meer as die helfte van die twee televisiebevolkings (1976 en 1977) nie op die vyf skaalpunte van die eienskap onbeskof-hoflik geëvalueer kon word nie. In beide jare is die persone/karakters wat wel geëvalueer kon word, oorwegend positief geëvalu= eer, en verder is bevind dat daar in 1977 meer persone/karakters positief geëvalueer is as in 1976 ($X^2$ = 4,769; p<0,05; gv = 1). Dit is ook opmerk= lik in die tabel dat die persone/karakters wat wel geëvalueer is op die negatiewe kant van die skaal, dit wil sê op skaalpunte een en twee (respek= tiwelik baie onbeskof en onbeskof) of op skaalpunt drie (waar onbeskof en hoflik in gelyke mate voorkom), hierdie evaluasies by beide die 1976- en 1977-steekproef oorwegend uit die Blanke groepe gekom het.

2.6.2 *Eienskap "primitief-beskaaf"* (tabel 2.6)

Inspeksie van hierdie tabel toon dat daar in die 1977-steekproef ten opsigte van die eienskap primitief-beskaaf, 'n oorwegend positiewe beeld van die verskillende bevolkingsgroepe wat ondersoek is, voorgekom het. Slegs 0,5 persent van die persone/karakters is nie op die positiewe kant van die skaal (skaalpunte vier en vyf) geëvalueer nie. Die patroon



1. *Wyse van voorkoms*

Elke persoon/karakter is op een van die volgende vier wyses van voorkoms gekategoriseer:

(a) pratend-hoorbaar;
(b) pratend-onhoorbaar;
(c) nie-pratend; en
(d) statiese foto of illustrasie.

Die vier kategorieë is, wat hierdie ontleding betref, in volgorde van belangrikheid gerangskik. Dit beteken as die nuusberig byvoorbeeld begin met 'n foto van 'n persoon en net daarna in dieselfde nuussegment kom dieselfde persoon in 'n pratende rol voor, sal laasgenoemde wyse voorrang geniet.

2. *Soorte nuussegmente*

Die inhoud van die nuussegment is verder soos volg gekate= goriseer:

(a) Oudiovisueel oor Swart mense.
(b) Oudiovisueel oor Kleurlinge.
(c) Oudiovisueel oor Indiërs.
(d) Oudiovisueel oor Boesmans.
(e) Oudiovisueel oor meer as een bevolkingsgroep.
(f) Oudiovisueel oor ander onderwerpe.
(g) Verbaal oor Swart mense.
(h) Verbaal oor Kleurlinge.
(i) Verbaal oor Indiërs.
(j) Verbaal oor Boesmans.
(k) Verbaal oor meer as een bevolkingsgroep.
(l) Verbaal oor ander onderwerpe.

Die teenwoordigheid van 'n persoon/karakter van 'n bepaalde bevolkingsgroep in 'n nuussegment is nie noodwendig 'n aan= duiding dat dit oor daardie bevolkingsgroep moet gaan nie. Gary Player en sy Swart joggie kan beide voorkom in 'n nuus= segment wat oor gholf handel.

1.3.4 *Opleiding en koderingsprosedure*

Vir die ontleding van elke steekproef televisieprogramme is vier kodeerders oor 'n tydperk van ses weke opgelei. Die kodeerders moet eerstens

'n studie maak van die voorgeskrewe koderingshandleiding, en nadat 'n aantal programme aan hulle vertoon is, is besprekings oor die verskillende fasette van die kodering met hulle gevoer. Aandag is geskenk aan die uitkenning van persone/karakters, hulle beroepsrolle, geslag, die wyse waarop hulle in programme voorkom met betrekking tot die vier genoemde eienskappe, die bepaling van nuussegmente en die meet met 'n stophorlosie van die duur van die voorkoms van die persone/karakters.

Die evaluering van die persone/karakters ten opsigte van die vier eienskappe op vyfpuntskale behels dat daar telkens 'n kruisie geplaas moes word by die skaalpunt wat die karakter in elke bepaalde geval die beste be=skryf. As daar ten opsigte van 'n spesifieke eienskap gevind is dat elemente van beide kante van die skaal in gelyke mate teenwoordig is, is die kruisie in die middelposisie van die skaal geplaas. Geen tellings is aangeteken in gevalle waar 'n persoon nie ten opsigte van 'n bepaalde eienskap geëvalueer kon word nie. In nuusprogramme was die verbale kommentaar 'n noodsaaklike element wat in berekening gebring moes word ten einde die ontleding te kon doen.

Na die opleiding is 'n vooronderseok gedoen waarin die interbeoor=delaarsbetroubaarheid nagegaan kon word. Van die 1976-programme is ook by die betroubaarheidstudie ingesluit ten einde te verseker dat die gegewens van die twee jare op soortgelyke wyse beoordeel is. Die doel hiermee was om die doeltreffendheid van die opleiding van die kodeerders asook die akkuraatheid van die kategorie-definisies te ondersoek. Vir die doel is daar vir elke steekproefweek een dag se programme ewekansig getrek en is al die betrokke programme deur elke kodeerder afsonderlik gekodeer. Krippendorff (1970) se formule vir die berekening van die betroubaarheidskoëffisiënt vir twee beoordelaars is gebruik om die vier stelle gegewens van die vier kodeerders twee-twee te vergelyk. Hierdie formule is gebaseer op die be=ginsels van Scott se pi-koëffisiënt. Dit bied 'n beter maatstaf van inter=beoordelaarsbetroubaarheid as die gewone korrelasietegnieke omdat dit in groter mate voorsiening maak vir ooreenkomste tussen beoordelings wat volgens kansfaktore kan voorkom. Die volgende betroubaarheidskoëffisiënte vir die ses kombinasies van kodeerders A en B, A en C, A en D, B en C, B en D en C en D is verkry:



TABEL 2.4

BEROEPSROLLE VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE

| Bevolkingsgroepe | 1976 Beroepsrolle: Staatshoofde en politieke leiers en hulle eggenotes | Ander administratiewe en bestuurswerkers | Akteur, verhoogkunstenaar en regisseur | Atleet, sportman, afrigter en beampte | Ander professionele teg=niese en verwante werker | Klerklike, verkoops- en verwante werker | Dienswerker, produksie en vervoerwerker, en arbeider | Plaas-, bosbouwerker, vis=ser en jagter | Huisvrou | Ander nie-ekonomiese be=drywige persone | Ongespesifiseerd | TOTAAL | 1977 Beroepsrolle: Staatshoofde en politieke leiers en hulle eggenotes | Ander administratiewe en bestuurswerkers | Akteurs, verhoogkunste=naars en regisseur | Atleet, sportman, afrigter en beampte | Ander professionele teg=niese en verwante werker | Klerklike, verkoops- en verwante werker | Dienswerker, produksie en vervoerwerker en arbeider | Plaas-, bosbouwerker, vis=ser en jagter | Huisvrou | Ander nie-ekonomiese be=drywige persone | Ongespesifiseerd | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Swart mense afkomstig van die RSA, nasionale state en SWA | 19 | 31 | 8 | 6 | 11 | 1 | 40 | 3 | 1 | 13 | 54 | 187 | 13 | 6 | 12 | 9 | 6 | 0 | 70 | 12 | 0 | 2 | 36 | 166 |
| Swart mense afkomstig van die res van Afrika | 38 | 1 | 0 | 1 | 1 | 0 | 5 | 0 | 0 | 8 | 6 | 60 | 46 | 4 | 0 | 2 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 6 | 5 | 66 |
| Negers afkomstig van die VSA | 2 | 0 | 0 | 16 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 18 | 21 | 3 | 2 | 10 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 38 |
| Swart mense afkomstig van ander plekke | 0 | 2 | 0 | 0 | 4 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 | 6 | 14 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 0 | 1 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Afrikaans praat | 23 | 53 | 63 | 25 | 100 | 5 | 113 | 7 | 9 | 10 | 96 | 504 | 46 | 53 | 52 | 33 | 132 | 2 | 118 | 15 | 6 | 38 | 117 | 612 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Engels praat | 20 | 61 | 63 | 26 | 106 | 9 | 134 | 6 | 8 | 46 | 53 | 532 | 28 | 53 | 82 | 51 | 144 | 3 | 168 | 2 | 5 | 55 | 115 | 706 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat nie praat nie | 64 | 57 | 109 | 389 | 67 | 2 | 110 | 12 | 5 | 103 | 206 | 1 124 | 116 | 56 | 137 | 385 | 45 | 4 | 67 | 34 | 5 | 67 | 172 | 1 088 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat 'n ander taal praat | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 3 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 |
| Alle ander Blankes | 211 | 25 | 3 | 44 | 21 | 0 | 26 | 1 | 2 | 15 | 42 | 390 | 178 | 30 | 6 | 78 | 25 | 4 | 21 | 0 | 0 | 11 | 55 | 408 |
| Kleurlinge/Basters | 1 | 3 | 0 | 0 | 4 | 0 | 4 | 2 | 0 | 8 | 3 | 25 | 4 | 4 | 3 | 2 | 2 | 0 | 20 | 3 | 0 | 5 | 0 | 43 |
| Indiërs | 0 | 3 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 7 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 2 |
| Boesmans | 0 | 1 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 5 | 0 | 2 | 0 | 7 |
| Alle anderkleuriges | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 8 | 2 | 13 |
| TOTALE (Frekwensies) | 378 | 237 | 247 | 508 | 314 | 17 | 436 | 31 | 27 | 203 | 470 | 2 868 | 456 | 209 | 294 | 570 | 356 | 13 | 470 | 71 | 16 | 195 | 503 | 3 153 |
| TOTALE (Persentasies) | 13,1 | 8,3 | 8,6 | 17,7 | 11,0 | 0,6 | 15,2 | 1,1 | 0,9 | 7,1 | 16,4 | 100,0 | 14,5 | 6,6 | 9,3 | 18,1 | 11,3 | 0,4 | 14,9 | 2,3 | 0,5 | 6,2 | 15,9 | 100,0 |

van die televisie-dramas wat in Amerika gebeeldsend is, uit mans bestaan het.

2.5 BEROEPSROLLE VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE (Tabel 2.4)

In hierdie afdeling word gelet op die beroepsrolle van die verskillende bevolkingsgroepe wat in alle programsoorte voorgekom het. Inspeksie van die frekwensies van albei jare toon dat by al die bevolkingsgroepe saam die meeste persone/karakters wat gekategoriseer kon word, in die beroepskategorie "Atleet, sportman, afrigter en beampte" (17,6% en 18,1% vir 1976 en 1977 respektiewelik) voorgekom het, terwyl die tweede en derde plekke in albei jare deur die kategorieë "Dienswerker, produksie en vervoerwerker en arbeider" en "Staatshoofde en politieke leiers en hulle eggenotes" respektiewelik ingeneem is.

Wat die bevolkingsgroepe afsonderlik betref, val dit op dat die hoogste frekwensie Afrikaans- en Engelssprekende Blankes in 1976 in die kategorie "Dienswerker, produksie- en vervoerwerker en arbeider" voorgekom het. In 1977 het daar by die Afrikaanssprekende Blankes 'n verskuiwing na meer persone/karakters in die kategorie "Ander professionele, tegniese en verwante werkers" plaasgevind, terwyl die meeste Engelssprekende persone/karakters nog steeds in die "Dienswerker, produksie- en vervoerwerker en arbeider" -kategorie voorgekom het. In die geval van die Blankes wat nie praat nie, kan die relatief hoë frekwensie in die kategorie "Atleet, sportman, afrigter en beampte" in beide 1976 en 1977 waarskynlik toegeskryf word aan Saterdagmiddagsportprogramme waarin sportmanne hoofsaaklik in aksie vertoon is en met wie daar selde onderhoude gevoer is.

Inspeksie van die tabel toon verder dat die hoogste frekwensie plaaslike Swart mense in 1976 en 1977 in die kategorie "Dienswerker, produksie- en vervoerwerker en arbeider" geval het. Die hoogste frekwensie Swart mense wat afkomstig is van die res van Afrika, het egter in beide jare in die kategorie "Staatshoofde en politieke leiers en hulle eggenotes" voorgekom. Die verskynsel kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat dit gewoonlik hoofsaaklik staatshoofde en politieke leiers van hierdie laasgenoemde bevolkingsgroep is wat prominensie in wêreldgebeure geniet en gevolglik die televisienuus haal.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kodeerders A en B: | 0,86 | 100,0 | 0,78 | 0,89 |
| Kodeerders A en C: | 0,79 | 100,0 | 0,78 | 0,82 |
| Kodeerders A en D: | 0,85 | 100,0 | 0,74 | 0,95 |
| Kodeerders B en C: | 0,94 | 100,0 | 0,75 | 0,83 |
| Kodeerders B en D: | 0,93 | 100,0 | 0,79 | 0,88 |
| Kodeerders C en D: | 0,91 | 100,0 | 0,70 | 0,89 |

Hierdie betroubaarheidskoëffisiënte is as bevredigend beskou.

Hierna is die kodeerders eers in ses pare gegroepeer wat om die beurt die kodering van die oorblywende programme onderneem het. Dit beteken dat elk van hierdie programme slegs een keer deur een van die ses verskillende pare gekodeer is. Die paarlede het saam na bespreking een of meer datavelle vir elke program wat hulle gekodeer het, voltooi. Die kodering van die programme wat vir die betroubaarheidstoets getrek is, is nie weer herhaal nie. Uit die vier stelle gegewens vir elk van die programme is een stel op ewekansige wyse gekies vir insluiting by die ander reeds ingesamelde gegewens.

# HOOFSTUK 2

## NAVORSINGSRESULTATE

### 2.1 INLEIDING

Alhoewel die voorkoms van verskillende bevolkingsgroepe in die RSA se televisie-uitsendings in hierdie analise betrek is, moet in gedagte gehou word dat die RSA se televisiediens waaruit die steekproewe vir ontleding getrek is, slegs gerig is tot die Afrikaans- en Engelssprekende deel van die bevolking van die RSA. Verder is die evaluering van alle persone/karakters van al die betrokke bevolkingsgroepe ten opsigte van die vier bipolêre eienskappe, naamlik onbeskof-hoflik, primitief-beskaaf, vyandig-vriendelik en lui-hardwerkend, vanuit 'n Westerse oogpunt gedoen. Besprekings van die resultate van die analise in hierdie hoofstuk moet deurgaans teen hierdie agtergrond gesien word.

Die resultate van die analise van plaaslik vervaardigde programsoorte in die 1977-steekproef van televisie-uitsendings word in hierdie hoofstuk by wyse van tabelle aangegee en aan die hand daarvan bespreek. Vir vergelykingsdoeleindes word die 1976-gegewens ook aangegee. In die tabelle is die resultate van die evaluering van die verskillende bevolkingsgroepe ten opsigte van die vier bipolêre eienskappe oor die vyf skaalpunte so gerangskik dat dié woorde wat die eienskap moontlik meer positief beskryf, aan die hoër skaalpuntnommer gekoppel is. Voorsiening is ook gemaak vir 'n nie-van-toepassingkategorie, dit wil sê vir daardie gevalle wat volgens die kodeerders nie op een van die skaalpunte geplaas kon word nie.

Alle persentasies in die tabelle is tot een desimaal benader. As gevolg van die benadering is die totale in sommige gevalle nie altyd presies 100 persent nie. In gevalle waar twee stelle gegewens statisties met mekaar vergelyk is, is van die chi-kwadraat ($X^2$)-toets of van Guilford se $\bar{z}$-toets (Guilford, 1965) gebruik gemaak. Die nulhipoteses van geen assosiasie of van geen verskil is op die vyfpersentbetekenispeil verwerp.

Aangesien die gegewens wat bespreek word, betrekking het op slegs plaaslik vervaardigde programme wat in die steekproef voorgekom het, verwys





TABEL 2.3

GESLAG VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE

| Bevolkingsgroepe | 1976 | | | | 1977 | | | | $X^2$-waarde Manlik/Vroulik teenoor 1976/1977 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geslag | | | | Geslag | | | | |
| | Manlik Frekwensies | Vroulik Frekwensies | Onbepaald Frekwensies | TOTAAL | Manlik Frekwensies | Vroulik Frekwensies | Onbepaald Frekwensies | TOTAAL | |
| Swart mense afkomstig van RSA, nasionale state en SWA | 152 | 33 | 2 | 187 | 141 | 25 | 0 | 166 | 0,334 |
| Swart mense afkomstig van die res van Afrika | 53 | 3 | 4 | 60 | 62 | 1 | 3 | 66 | 0,396 |
| Negers afkomstig van die VSA | 18 | 0 | 0 | 18 | 38 | 0 | 0 | 38 | ..(*) |
| Swart mense afkomstig van ander plekke | 10 | 4 | 0 | 14 | 0 | 1 | 0 | 1 | 0,134 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Afrikaans praat | 404 | 100 | 0 | 504 | 461 | 151 | 0 | 612 | 3,430 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat Engels praat | 390 | 141 | 1 | 532 | 534 | 172 | 0 | 706 | 0,658 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat nie praat nie | 877 | 240 | 7 | 1 124 | 885 | 203 | 0 | 1 088 | 2,572 |
| Blankes van die RSA, nasionale state en SWA wat 'n ander taal praat | 2 | 1 | 0 | 3 | 3 | 0 | 0 | 3 | ..(*) |
| Alle ander Blankes | 331 | 51 | 8 | 390 | 371 | 36 | 1 | 408 | 3,631 |
| Kleurlinge/Basters | 18 | 7 | 0 | 25 | 32 | 11 | 0 | 43 | 0,004 |
| Indiërs | 6 | 1 | 0 | 7 | 0 | 2 | 0 | 2 | 2,009 |
| Boesmans | 4 | 0 | 0 | 4 | 6 | 1 | 0 | 7 | 0,088 |
| Alle anderkleuriges | 0 | 0 | 0 | 0 | 6 | 3 | 4 | 13 | ..(*) |
| TOTALE (Frekwensies) | 2 265 | 581 | 22 | 2 868 | 2 539 | 606 | 8 | 3 153 | 1,179 |
| TOTALE (Persentasies) | 79,0 | 20,3 | 0,8 | 100,0 | 80,5 | 19,2 | 0,3 | 100,0 | - |

(*) Selwaardes te klein vir berekening van chi-kwadraat

bymekaar getel) verreweg die grootste gedeelte van die televisiebevolking in beide 1976 en 1977 uitgemaak, naamlik 89,1 en 89,3 persent respektiewelik.

Verder word gesien dat nuusprogramme die programsoort is waarin die hoogste aantal persone/karakters voorgekom het, en dat dit ook die programsoort is wat in die steekproewe van beide jare die grootste verskeidenheid van bevolkingsgroepe bevat het. In die 1977-steekproef het daar byvoorbeeld slegs een bevolkingsgroep, naamlik Boesmans, nie in nuusprogramme voorgekom nie.

Uit die vergelyking van die gegewens van die twee jare blyk dit dat daar in die programme van 1977 'n afname was in die persentasie Blankes wat nie gepraat het nie, terwyl daar 'n toename was in die Blankes wat wel Engels gepraat het. Verder was daar van 1976 tot 1977 ook 'n statisties betekenisvolle afname in die persentasie Swart mense van die RSA, die nasionale state en SWA (6,5% in 1976 tot 5,3% in 1977). Die onluste van 1976 het waarskynlik in 'n mate bygedra tot die hoër frekwensie van die bepaalde bevolkingsgroep in daardie jaar. In die tabel word gesien dat die proporsie Negers van die VSA van 1976 tot 1977 statisties betekenisvol toegeneem het ($\bar{z} = 2,331$; $p<0,05$). Hierdie toename hou waarskynlik in 'n mate verband met die publisiteit wat mnr. Andrew Young in nuusprogramme geniet het na sy aanstelling as Minister van Buitelandse Sake van die VSA, asook die prominensie wat verleen is aan verskeie Negerboksers in wêreldtitelgevegte.

## 2.4 GESLAG VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN ALLE PROGRAMSOORTE (Tabel 2.3)

Inspeksie van hierdie tabel toon dat daar in die programme van albei jare 'n oorwig van mans by byna alle bevolkingsgroepe voorgekom het. Volgens die chi-kwadraatwaardes in die tabel het hierdie oorwig, in die gevalle waar statistiese vergelykings tussen die twee jare moontlik was, nie betekenisvol verander van 1976 tot 1977 nie. Die relatief hoë frekwensie van die manlike geslag, naamlik 79,0 en 80,5 persent van die televisiebevolking van respektiewelik 1976 en 1977 stem grootliks ooreen met die algemene patroon van televisie-uitsendings in die VSA. Seggar en Wheeler het byvoorbeeld in 1972 bevind dat 81,7 persent van die bevolking



die begrippe "totale programduur" of "totale televisiebevolking (steekproefbevolking)" respektiewelik na die totale uitsaaityd wat hierdie bepaalde groep programme in die totale steekproef van 'n bepaalde jaar in beslag geneem het en na die totale aantal persone/karakters wat in hierdie programme voorgekom het. "Alle programsoorte" verwys deurgaans na die verskillende soorte plaaslik vervaardigde programme in een van die twee steekproewe.

## 2.2 DUUR VAN DIE VOORKOMS VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN PLAASLIK VERVAARDIGDE PROGRAMME (Tabel 2.1)

In hierdie eerste afdeling is die duur van die voorkoms van die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrikaanse vervaardigde programme van 1976 en 1977 nagegaan. Hierdie aspek van die verskillende bevolkingsgroepe is ondersoek ten einde aan die leser die agtergrond te bied wat nodig sal wees om die frekwensie van die bevolkingsgroepe wat in die volgende afdeling bespreek word, in perspektief te plaas.

In die tabel kan gesien word dat ongeveer 'n kwart van die plaaslike programtyd van albei jare vir uitsaaityd deur Afrikaanssprekende Blankes in beslag geneem is. Naastenby dieselfde tyd is aan Engelssprekende Blankes afgestaan. Hierteenoor het Swart mense (die vier groepe bymekaar getel) slegs 2,0 en 2,1 persent van die uitsaaityd van 1976 en 1977 respektiewelik in beslag geneem. Die oorblywende tyd is hoofsaaklik gevul deur natuur-, groep- of ander tonele waarin daar nie persone/karakters voorgekom het wat duidelik by een of ander van die bevolkingsgroepe ingedeel kon word nie.

## 2.3 FREKWENSIE VAN VOORKOMS VAN DIE VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE IN VERSKILLENDE PROGRAMSOORTE (Tabel 2.2)

Waar daar in die vorige afdeling verwys is na die duur van die voorkoms van die verskillende bevolkingsgroepe in alle programsoorte word daar in hierdie afdeling gelet op die frekwensie waarmee persone/karakters van die verskillende bevolkingsgroepe in alle programsoorte voorgekom het.

By inspeksie van die tabel blyk dat die totale televisiebevolking van die 1977-steekproef van plaaslik vervaardigde programme op 3 153 persone/karakters te staan gekom het. Daarteenoor het die ooreenstemmende 1976-steekproefbevolking 2 868 persone/karakters bevat. Soos waarskynlik verwag kan word, het die Blankes (die vyf groepe Blankes in die tabel

